

GEEN SAKREKENAAR MAG GEBRUIK WORD NIE!

(1) Beskou die volgende algebraïese uitdrukking: $5(x^3y - 2) + 8 - 6y^{12} + 7x$

(a) Hoeveel terme het die uitdrukking? _____

(b) Skryf die konstante term neer. _____

(c) Gee die graad in: (i) x : _____ (ii) y : _____

(2) As $x = 0$; $y = -2$; $z = \frac{1}{4}$ en $w = 5$, bereken die waarde van:

(a) $xy + zw$

(b) $-y + 3w$

(c) $3(4z - y)$

(d) $\frac{x}{y} - w^3$

(e) $3(x - y - w)^x$

(f) $(w - 2y)^2$

(3) Vereenvoudig:

(a) $5mn^2(mn - 3m^4)$

(b) $(x - 5)^2$

(c) $(pr + 2)(pr - 2)$

(d) $(t - 8)(t + 3)$

(e) $-(3y + 6)^2$

(f) $4(k + 3) + 2(7 - k)$

(g) $(x^2 - 5) - (4 - x) + x(x - 1)$

(h) $-3m^3n^4t(5m^3nt^5 - 1)$

(4) Skryf die volgende as algebraïese uitdrukkings:

(a) Die som van die produk van p en q , en 17.

(b) Die som van twee opeenvolgende getalle, verminder met 3.

(c) Ek het R25. Jy het t rand minder as ek.
Hoeveel rand het jy?

(d) Die prys van een sjokolade is y rand.
Wat sal k sjokolades kos?
